

Werkboek by
Troos, troos my volk

Deur

Dr AH Bogaards

© Kopiereg: AH Bogaards

attie@enigstetroos.org

Eerste uitgawe

2007

Vooraf

Die titel van hierdie boekie is *Werkboek by Troos, troos my volk*.

I. Verklaring

In die boek *Troos, troos my volk* word elke Sondag van die Kategismus verklaar.

II. Werksopdragte

1. Die katekisasie moet die betrokke Sondag ken soos dit in die Psalmboek staan.
2. Die katekisasie moet die verklaring in die boek *Troos, troos my volk* leer en ken. Dit sal in die klas d.m.v. willekeurige, maar eenvoudige vrae gekontroleer word.
3. Die werksopdragte (A, B, C) in hierdie werkboek (*Werkboek by Troos, troos my volk*) moet op skrif gedoen word en dit sal van tyd tot tyd ingeneem word. Van die antwoorde sal die kinders in die "Verklaring van die Sondag", in die Kategismus self of in die aangeduide Skrifgedeeltes kry. Hulle moet dit dus goed bestudeer.

Ek maak 'n punt daarvan om hulle nie te probeer vasvra nie.

Die kinders mag ook die antwoorde van die werksopdragte (A-B) uit hulle boeke lees.

III. Ouers se verantwoordelikheid

Ouers het 'n groot verantwoordelikheid. Ons as ouers moet toesien dat ons kinders goed voorberei is. Ons as ouers het dit by die doop aan die Here belowe.

Sondag 1

A Vrae

1. Sê in een woord wat ons hartseer maak.
2. Wie is die **Hy** waarvan antwoord 1 praat?
3. Wie se eiendom is jy as gelowige?
4. Wat sê vraag en antwoord 1 van die Vader?
5. Wat sê vraag en antwoord 1 van die Heilige Gees?

B Lees/Antwoord

1. Wat moet die profete volgens Jesaja 40:1 doen?
2. Wat is die troosboodskap van Jesaja 40:2?
3. Wat het Simeon volgens Lukas 2:25 "verwag"? Wat word daarmee bedoel dat hy die ... (vul in) van Israel verwag het?
4. Wie het gemaak dat Simeon dit verwag het? Wie was op hom? (Luk 2:25)
5. Hoe word die Heilige Gees in Johannes 14:16, 17 genoem?
6. Hoe troos die Heilige Gees ons (Joh 14:26)?
7. Lees Psalm 130 en kyk of julle die drie dele van die Kategismus (sonde, verlossing, dankbaarheid) daarin kan sien.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 2

A Vrae

1. Dink julle dat ongelowiges (mense wat nie die Wet van God het nie) ook weet dat dit die sonde is wat die wêreld 'n plek vol haat, bakleiery en oorlog maak?
2. Vat vir my die hele Wet in een woord saam.
3. Kan jy God en jou naaste 100% liefhê?
4. Verdien jy ook die oordeel van God?

B Lees/Antwoord

1. Waardeur kom ons volgens Romeine 3:20 tot kennis van die sonde? En wat sê Paulus in Romeine 7:7?
2. Hoe moet jy God liefhê (Matt 22:37)?
3. Hoe moet jy jou naaste liefhê (Matt 22:39)?
4. Kan jy sê dat jy God liefhet, as jy jou naaste nie liefhet nie? Wat sê Johannes (1 Joh 4:20)?
5. Miskien dink jy dat die Kategismus 'n bietjie oordryf as hy sê dat ons (die gelowiges) van nature geneig is om God en ons naaste te haat, maar wat sê Paulus (na sy bekering) van homself (Rom 7:18, 19)?
6. Wat sê vraag en antwoord 127 van ons (die gelowiges se) eie sondige natuur?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 3

A Vrae

1. Wie se skuld is dit dat mense mekaar haat en doodmaak en dat daar siekte en ellende in die lewe is?
2. Vat die woord **ewebeeld** in een woord saam. Verduidelik met 'n sinoniem.
3. Deur Wie word ons wedergebore? Deur die ... (3 woorde).
4. Hoeveel maal lees jy die woordjie **gebore** of **weergebore** in hierdie Sondag. Sê ook presies waar (in watter vraag of antwoord).

B Lees/Antwoord

1. Op wie pak Adam in Genesis 3:12 eintlik die skuld vir sy sonde? Nie op Eva nie, maar op ...? Hoekom sê jy so?
2. Op wie pak Eva die skuld? (Gen 3:13)
2. Tel hoeveel maal die woordjie **goed** in Genesis 1 gebruik word van die skeppingswerk van God.
3. Wat sê Genesis 1:31 en Prediker 7:29 van die skeppingswerk van God?
4. Wat leer Dawid ons in Psalm 51:7? Is 'n klein kindjie sonder sonde?
5. In wie sterf ons volgens 1 Korinthiërs 15:22? In ...
6. Wat moet volgens Johannes 3:3 met 'n mens gebeur voordat hy die koninkryk van God kan ingaan?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 4

A Vrae

1. Wat **kon** die mens doen volgens vraag en antwoord 6?
2. Wie se skuld is dit dat ons nie meer die wet kan hou nie?
3. Van watter gawes is ons beroof deur ons sondeval?
4. Wat word bedoel met erfsonde?
5. Straf God ons sondes nou al?
6. Wat bedoel antwoord 11 daarmee dat God regverdig is? Wat, sê antwoord 11, doen Hy in sy regverdigheid aan ons sondes?

B Lees/Antwoord

1. Wat staan in Deuteronomium 27:26 en Galasiërs 3:10? Wat dink julle beteken die woord **vervloek**?
2. Hoe het Christus ons losgekoop van die vloek van die wet? Deur vir ons 'n ... (vul ontbrekende woord in) te word. (Gal 3:13)
3. Wat leer Johannes 3:36 oor die toorn van God? Op wie rus dit en is hierdie toorn iets wat hier op aarde al op mense rus?
4. Wat het gebeur met die lidmate van Korinthe wat op 'n verkeerde (sondige) manier die nagmaal gebruik het? Het God dit ongestraf gelaat? Lees 1 Korinthiërs 11:29, 30.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 5

A Vrae

1. Wat **verdien** ons volgens vraag 12?
2. Watter drie belangrike woorde word in Sondag 5 gebruik?
3. Wat word bedoel met die geregtigheid van God?
4. Hoeveel maal word die woord **betaal** in Sondag 5 gebruik? Skryf neer in watter vrae of antwoorde dit voorkom.
5. Wie het volgens antwoord 1 van die Kategismus vir al my sondes ten volle betaal en waarmee het Hy betaal?
6. Met wie het die HERE sy verbond opgerig? Wie moet daarom betaal as hy die verbond oortree?
7. Aan watter vereistes moet ons middelaar en verlosser voldoen?

B Lees/Antwoord

1. In Genesis 2 word vertel van God se verbond met die mens. Wat is volgens vers 17 die straf vir oortreding van die verbond?
2. In Romeine 6:23 sê Paulus: Die loon van die sonde is die ...?
3. Kan 'n gewone mens die toorn (grimmigheid) van God dra en betaal? Gaan kyk wat leer Nahum 1:6 in dié verband van die toorn (grimmigheid) van die HERE en hoe groot dit is.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 6a

A Vrae

1. Hoekom moes ons Middelaar 'n regverdige (d.w.s. sondelose) mens wees?
2. Wie het Christus vir ons gegee volgens antwoord 18?
3. Waartoe is Christus volgens antwoord 18 gegee? (4 woorde)
4. Verkondig die Ou Testament ook Christus?

B Lees/Antwoord

1. Wat leer Esegïel 18:4 ons? Kyk ook maar na my verklaring by antwoord 16.
2. Was ons Here Jesus Christus 'n **ware mens**? Wat sê Johannes 1:14 (Die Woord/Christus het ... geword)?
3. Was ons Here Jesus Christus 'n **sondelose (regverdige) mens**? Wat leer ons in hierdie verband?
4. Was ons Here Jesus Christus **ware God**? Wat sê Jesaja 9:5 vir ons oor die Godheid van Jesus? Sterke ...?
5. In Christus het ons die verlossing (die loskoping) deur sy ...? Lees Efesiërs 1:7.

C Skryf die Sondag (net vraag en antwoord 16-18) in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 6b

A Vrae

1. Waar leer ons Christus ken?
2. Kan ons Christus leer ken uit die natuur? Vertel die see en die bome ons van sy kruis en opstanding?
3. Kan die heidene, wat nie 'n Bybel het nie, Christus ken?
4. Is God se evangelie al in die Ou Testament bekendgemaak? Anders gesê: Verkondig die Ou Testament al Jesus Christus?

B Lees/Antwoord

1. Wie is die saad van die vrou waarvan Genesis 3:15 praat en wie is die saad van die slang? Wat sal die saad van die vrou met die slang maak?
2. Wie is die Kneg van die HERE waarvan Jesaja 53 praat en hoekom (ter wille waarvan) is Hy deurboor en verbrysel (vers 5)?
3. Wie is die Koning in Psalm 110:1 wat aan God se regterhand sit? Wat sê Jesus self in Matthéüs 22:41-46?
4. In Lukas 24:27 lees ons dat Christus Moses en die profete vir die Emmausgangers uitgelê het. Hy noem Moses en die profete ook die Skrifte. Daarmee bedoel Jesus die Ou Testament. Wat het Jesus daarin vir hulle uitgelê/gewys?

C Skryf die Sondag (net vraag en antwoord 19) in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 7

A Vrae

1. Word alle mense op aarde gered (salig)?
2. Word alle kerkmense gered?
3. Ware geloof kan beskryf word as k... en v...
4. Wie werk die ware geloof volgens antwoord 21 in my en waardeur?
5. Wat moet ons glo? Vat dit in drie Name saam.

B Lees/Antwoord

1. Het alle Israeliete (die kerkmense van daardie tyd) die beloofde land bereik? Hoekom kon hulle, volgens Hebreërs 3:19, nie ingaan in die land van saligheid nie?
2. Hoekom het die gepreekte woord die mense van Hebreërs 4:2 nie gehelp (gebaat) nie?
3. Wat moet ons doen om die ewige lewe te kry (Joh 3:36)?
4. Wat rus nou al reeds op die mense wat nie glo nie (Joh 3:36)?
5. Efesiërs 2:8 leer ons: Die geloof is 'n ... van God. Vul die ontbrekende woord in.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 8

A Vrae

1. Wat belowe God aan ons? Lees die verklaring van antwoord 24.
2. Watter twee woorde hoor jy in die woord Drie-eenheid? Wat sê hierdie twee woorde vir ons van God?
3. Hoeveel maal lees jy die woord **ons** in antwoord 24?
4. Hoe weet jy dat God drie onderskeie Persone is en tog net een God? Waar het God Homself so geopenbaar (bekendgemaak) volgens antwoord 25?

B Lees/Antwoord

1. Lees Matthéüs 28:19 en 1 Korinthiërs 8:4. Watter een van hierdie tekste leer ons dat daar drie Persone is? En watter teks sê dat God een is, dat daar net een God is?
2. Ook in die Ou Testament lees ons van die Heilige Gees en van die Seun. Van Wie praat Genesis 1:2?
3. Van Wie word in Psalm 2:7 geskryf, wanneer daar staan: "U is my Seun"?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 9

A Vrae

1. Wat is die hoofgedagte van hierdie Sondag?
2. Ter wille van Wie is God ons Vader?
3. Sê in twee woorde hoe 'n God en Vader ons het: Hy is 'n Vader wat ons ... en ... help.

B Lees/Antwoord

1. Hoe het God alles gemaak volgens Genesis 1?
2. Hoe is die hemele gemaak volgens Psalm 33:6? En wat sê vers 9 van die manier waarop die HERE alles gemaak het?
3. Hoe lief het God die Vader ons? So lief dat ... (Joh 3:16).
4. Hoe lief het God die Vader ons gehad? Kry die antwoord in 1 Johannes 4:9, 10.
5. Wat sê die digter van Psalm 121:2 van die HERE van Wie hy sy hulp verwag? Hy is "die HERE wat ...
6. Wat sê die digter van Psalm 121 nog verder van die HERE? Lees vers 5.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 10

A Vrae

1. God se voorsienigheid is God se V...h...
2. Die Kategismus sê drie dinge van hierdie hand. Noem hierdie drie (verklaring by antwoord 27).
3. Die geloof in God se Vaderhand (voorsienigheid) lewer, volgens antwoord 28, drie vrugte op. Noem die drie.

B Lees/Antwoord

1. Wat leer Psalm 139:5-10 ons van die hand van God?
2. Wat sê Psalm 145:15, 16 van God se hand?
3. Wat leer Romeine 8:38, 39 van die liefde van God die Vader?
4. Ons Here Jesus het sy dissipels 'n groot gebed geleer. Hoe leer Jesus ons daarin om God aan te spreek?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 11

A Vrae

1. Wat word bedoel met die *skuld* van die sonde? Lees die verklaring by antwoord 29.
2. Wat word bedoel met die *mag* van die sonde? Lees die verklaring by antwoord 29.
3. Wat word bedoel met die *gevolge* van die sonde? Lees die verklaring by antwoord 29.
4. Daar is mense wat meen dat hulle goeie werke ook so 'n klein bydrae lewer om hulle te red. Hulle meen dat Jesus alleen nie genoeg is nie. Hoe sal jy hierdie mense antwoord? Kyk na vraag en antwoord 30.

B Lees/Antwoord

1. Wie het in Matthéüs 1 vir Josef gesê wat die Kind se Naam moet wees?
2. Wat beteken die Naam **Jesus** volgens Matthéüs 1?
3. Wat sê Petrus (Hand 4:12) van die Naam (Jesus)?
4. Waarvan reinig die bloed van Jesus ons? (1 Joh 1:7)

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 12a

A Vrae

1. Wat beteken die Naam **Christus** volgens vraag 31?
2. In die Ou Testament word nie gepraat van Christus nie, maar van M...s.
3. Wié het Jesus gesalf?
4. Waarmee (met Wie) is Jesus gesalf?
5. As wat (vir watter drie ampte) is Hy gesalf (aangestel)?
6. Waar maak ons hoogste Profeet aan ons die pad van verlossing ten volle bekend?
7. Christus is ons ewige Koning, wat ons met sy ... en ... regeer. Lees antwoord 31.

B Lees/Antwoord

1. Wie se stem het in Matthéüs3:17 uit die hemel gekom en Wie het volgens Matthéüs 3:16 soos 'n duif op Jesus neergedaal en op Hom gekom?
2. In Deuteronomium 18:15 word daar van Christus gepraat. Van watter amp van Hom (profeet, priester of koning) word daar melding gemaak?
3. Lees Psalm 2:6. Die Ék waarvan hierdie vers praat, is die Vader. Vul die ontbrekende woorde in: Ék tog het my ... ge ... oor Sion, my heilige berg.
4. Wat sê die HERE (die Vader) in Psalm 2:7 van die Koning wat die Vader gesalf het? "U is my ...". En wat sê die Vader in Matthéüs 3:17, nadat die Gees (vers 16) op Jesus neergedaal het? "Dit is my geliefde ... in wie Ek 'n welbehae het".
5. Van watter amp van Christus praat Hebreërs 7:27?
6. Wat was die offer van Jesus? (Heb 7:27)
7. Hoe word Jesus in 1 Johannes 2:1 genoem? Ons het 'n ... by die Vader.
8. Is daar 'n ander pad na God toe, behalwe Jesus alleen? Lees Johannes 14:6.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 12b

A Vrae

1. In watter stad is die volgelinge van Jesus die eerste keer Christene genoem?
2. Wat beteken die naam Christen?
3. Tot watter drie ampte is jy as Christen geroep en gesalf?
4. Hoeveel keer lees jy die woordjie **kan** in antwoord 32?
5. Wat is jou werk as profeet? Sê dit in die woorde van antwoord 32. Ek moet sy Naam ...
6. Wat is jou werk as priester? Sê dit in die woorde van antwoord 32. Ek moet myself as 'n lewende ... aan Hom kan toewy.
7. Wat is jou werk as koning? Sê dit in die woorde van antwoord 32. Ek moet in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan ...
8. Hoe kry ons deel aan die salwing met die Heilige Gees?
9. Op Kersdag dink ons aan die koms (geboorte) van Christus.

B Lees/Antwoord

1. Wat was op die hoof van Aäron en wat het daarmee gebeur? (Ps 133:2)
2. Wie is die "julle" waarvan 1 Johannes 2:20 praat?
3. Waarvan lees ons in Handeling 2:1-4? Met Wie is die kerk vervul?
4. Wat is die offer wat die Here van ons in vra Romeine 12:1?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 13

A Vrae

1. Noem die twee verskille tussen Jesus se Kindskap en ons kindskap.
2. Waarvan en waaruit het Jesus ons vrygekoop?
3. Wat was die prys wat Hy vir ons vrykoping moes betaal het?
4. Wat beteken die Naam **Here**? E ... en K ...

B Lees/Antwoord

1. Johannes 1:14 noem Jesus die "... wat van die Vader kom".
2. Wie het God uitgestuur en wat het ons daardeur ontvang? Lees Galasiërs 4:4, 5.
3. Wat het Jesus volgens Matthéüs 20:28 gegee as losprys?
4. In Efesiërs 1:7 staan: Ons is verlos deur die ... van Christus.
5. Vul die ontbrekende woorde in: "Omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, ... of ... , losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die , soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos" (1 Pet 1:18, 19).

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 14

A Vrae

1. Waarom is dit so belangrik dat Jesus ware God moes wees?
2. Waarom is dit so belangrik dat Jesus ware mens moes wees?
3. Het Jesus opgehou om God te wees toe Hy gebore is?
4. Jesus was in alles aan sy broers gelyk, behalwe die ... (antwoord 35).
5. Jesus was die ware nakomeling van watter koning? Lees antwoord 35.

B Lees/Antwoord

1. Wat leer Hebreërs 4:15 van ons Hoëpriester (Christus)?
2. Wat was die Woord (Christus) volgens Johannes 1:1 (laaste deel) geword?
3. Johannes 1:14 sê: "... die Woord het ... geword".
4. Wat sê Dawid van homself in Psalm 51:7? Het hy as 'n sondelose mens (baba) in die wêreld ingekom?
5. Hoe noem Gabriël die Seun van God in Lukas 1:35 ? "... die ... wat gebore sal word ..."
6. 1 Petrus 1:19 beskryf Jesus as "'n lam sonder gebrek en vlekkeloos". Wat dink julle word met die "sonder gebrek en vlekkeloos" bedoel?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 15

A Vrae

1. Hoeveel maal het Pilatus uitdruklik gesê dat Jesus onskuldig is?
2. Wie se skuld het Jesus dan gedra?
3. Het Jesus al van sy geboorte af gely, d.w.s. die toorn van sy Vader ervaar?
4. Wanneer het Jesus veral gely? Waar, kan ons sê, het sy lyding onder die toorn van God 'n hoogtepunt bereik?
5. Wat was die doel (negatief en positief) van sy lyding? Waarvan het Hy ons verlos (negatief) en wat kry ons in die plek daarvan (positief)?

B Lees/Antwoord

1. Ter wille van wie se oortredings is die Knecht (=Jesus) volgens Jesaja 53:5 deurboor en verbrysel?
2. Wat sê Pilatus in Johannes 18:38 en Johannes 19:4,6 van Jesus?
3. Hoe het Jesus ons losgekoop van die vloek (oordeel) van die wet? "Deur vir ons 'n ... te word". (Gal 3:13)
4. Wat leer Galasiërs 3:13 ons van betekenis van die kruisdood van Jesus? "... is elkeen wat aan 'n hout hang".

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 16a

A Vrae

1. Wat word bedoel met die **geregtigheid** en **waarheid** van God? Lees die verklaring van vraag 40.
2. Watter **versekering** kry ons uit die **begrafnis** van Jesus?
3. Ons dood is **nie 'n betaling** vir ons sonde nie, **maar slegs** ... en Vul in uit antwoord 42.
4. In vraag en antwoord 43 hoor ons van twee offers. Noem die twee.
5. Wat word bedoel met ons **ou mens**?

B Lees/Antwoord

1. Wat is die straf op die sonde? Lees Genesis 2:17.
2. Wat is die loon van die sonde? Lees Romeine 6:23.
3. Wat beteken sterwe vir Paulus in Filippense 1:21 en waarom sê hy so? (Fil 1:23)
4. Wat het volgens Romeine 6:6 met ons ou mens gebeur en wat dien ons nou nie meer nie?
5. Wat moet ons met ons liggame (= ons hele lewe) doen volgens Romeine 12:1?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 16b

A Vrae

1. Hoe kan ons die woorde **neergedaal het na die hel** beskryf? Kry julle antwoord uit my verduideliking by vraag 44.
2. Wanneer het Jesus **onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking** gely? Was dit hier op aarde of na sy dood? Kyk mooi na antwoord 44 en my verduideliking.
3. Watter troos kry jy daaruit dat Jesus in jou plek neergedaal het na die hel?

B Lees/Antwoord

1. Lees Johannes 3:36. Wat het ons nou al as ons glo en wat bly nou al op ons as ons nie glo nie?
2. Wat het die HERE gedoen om Israel uit die slawehuis te verlos? "Daarom het Ek ... om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriëte en Feresiete en Hewiete en Jebusiete." (Ex 3:8)
3. Johannes 6:33 beskryf Jesus as die brood van God "wat ..."? Watter woordjie hoor julle in hierdie teks wat ook in die belydenis **neergedaal het na die hel** staan?
4. Wat het in die woestyn neergedaal en is deur die Israeliete geëet? Lees Johannes 6:31.
5. Vul in: "Hy (Jesus), wat in die gestalte van ... was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n ... aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die ..." (Fil 2:6-8).

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 17

A Vrae

1. Wat word bedoel met *ewige lewe* (soos die mens dit in die paradys geken het)?
2. Wat word bedoel met *geestelike lewe* (soos die mens dit in die paradys geken het)?
3. Wat word bedoel met *ewige dood*?
4. Wat word bedoel met *geestelike dood*?
5. Hoe het Christus die dood oorwin? Kyk na antwoord 45.
6. Wat het Christus deur sy dood verwerf? Kyk na antwoord 45.

B Lees/Antwoord

1. Vul die ontbrekende woorde in: "maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode ... het, wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en ... is ter wille van ons regverdigmaking" (Rom 4:24, 25).
2. Vul die ontbrekende woorde in: "Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie ... nie; en as Christus nie ... is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes" (1 Kor 15:16, 17).
3. Vul die ontbrekende woorde in: "Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode ... is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n kan wandel" (Rom 6:4).
4. Wie het Christus, volgens Romeine 6:4, uit die dode opgewek?
5. Wat bedoel Paulus in Romeine 6:4 met "'n nuwe lewe"?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 18

A Vrae

1. Wie het gesien dat Jesus na die hemel opgevaar het?
2. Sê kortliks wat dit beteken dat Christus by ons teenwoordig is met:

A sy **Godheid**,

B **majesteit**,

C **genade**,

d. **Gees**.

3. Wie het Christus na sy hemelvaart na ons toe gestuur? Lees antwoord 49.
4. Wat doen ons deur die krag van die Heilige Gees? Lees antwoord 49.

B Lees/Antwoord

1. Watter belofte het Jesus voor sy hemelvaart aan sy dissipels (sy kerk) gegee volgens Matthéüs 28:20?
2. 1 Johannes 2:1 sê ons het 'n ... by die Vader.
3. Wat sal Jesus die Vader bid (vra) volgens Johannes 14:16, en Wie is die ander Trooster waarvan gepraat word?
4. Wat sal die Heilige Gees doen volgens Johannes 16:13, 14?
5. Wat moet ons volgens Kolossense 3:1, 2 soek?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 19a

A Vrae

1. In watter Psalm in die Ou Testament word gesê dat Christus aan die regterhand van God sal gaan sit?
2. Wat beteken dit dat Christus aan die regterhand van God gaan sit het?
3. Watter profeet in die Ou Testament het geprofeteer: "En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees"?
4. Watter twee geskenke noem die Kategismus in antwoord 51?
5. Noem ons drie vyande. Lees Sondag 52, antwoord 127.

B Lees/Antwoord

1. Waar sal die Jode Christus (die seun van die mens) sien sit volgens Matthéus 26:64?
2. Vul die ontbrekende woorde in: "Want Ek (die HERE) sal water ... op die dorsland en ... op die droë grond; Ek sal my ... op jou kroos ... en my seën op jou nakomelinge" (Jes 44:3).
3. Skryf die gawes neer wat die Heilige Gees aan die kerk gee volgens 1 Korinthiërs 12:8-10.
4. Skryf die gawes neer wat Christus deur sy Heilige Gees aan die kerk gee volgens Efesiërs 4:11.
5. Wat is die doel van die gawes in Efesiërs 4:11 volgens Efesiërs 4:12?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 19b

A Vrae

1. Ons leer Christus in die Skrifte ken as Lam (Verlosser), Koning en R... .
2. Die woorde van vraag en antwoord 52 **met 'n opgerigte hoof** beteken twee dinge. Wat is daardie twee dinge? Gaan kyk in die verklaring.
3. Kan ons uitwerk wanneer Jesus weer kom?
4. Wat is die twee dinge wat Jesus sal doen as Hy weer kom en as Regter gaan sit? Gaan kyk in die verklaring.

B Lees/Antwoord

1. Hoe beskryf Jeremia 46:10 die dag van die HERE?
2. Wat sê Amos (5:18) vir die in sonde verharde volk (kerk) van sy dae oor die dag van die HERE (wederkomsdag).
3. Wat leer Matthéüs 24:36 van die dag en die tyd van Jesus se wederkoms?
4. Wat moet die bruid (die kerk, ons) bid volgens Openbaring 22:17, 20?
5. Wat sal volgens 1 Thess 4:17 gebeur op die dag van die wederkoms en by Wie sal ons dan vir altyd wees?
6. Wat sal Jesus doen volgens Matthéüs 25:31-33 as Hy as Regter op sy troon gaan sit?
7. Wat sal die Regter volgens Matthéüs 25:34, 41 vir die aan sy regterhand sê en wat vir die aan sy linkerhand?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 20

A Vrae

1. Wat leer die Kategismus ons oor die Persoon van die Heilige Gees? Is Hy ook God of is Hy net 'n skepsel?
2. Wat het Arius geleer?
3. Wie gee ons die geloof?

B Lees/Antwoord

1. In Matthéüs 28:19 staan: "En doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en ... "
2. Gaan kyk in die doopsformulier (agterin die Psalmboek) wat daar oor die Heilige Gees gesê word en skryf dit neer.
3. Waaraan herinner die Heilige Gees ons volgens Johannes 14:26?
4. Hoe word die Heilige Gees in Johannes 14:16,17,26 genoem?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 21

A Vrae

1. Wie vergader, beskerm en onderhou die kerk?
2. Die Seun van God vergader, beskerm en onderhou die gemeente deur sy G... en W...
3. Wat bedoel die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 29 met 'n huigelaar? Lees die verklaring by antwoord 54 en die verduideliking van die woord *hipokriet*.
4. Wat word bedoel met die **voldoening** van Christus?
5. Wat word bedoel met die **geregtigheid** van Christus?

B Lees/Antwoord

1. Hoe beskryf Efesiërs 2:21, 22 die kerk?
2. Hoe beskryf 1 Petrus 2:5 die kerk?
3. Wie bou volgens Matthéüs 16:18 die kerk?
4. Vul die ontbrekende woorde van Fil 2:4 in: "Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ..."
5. 1 Johannes 2:2 noem Jesus 'n ... vir ons sondes.
6. Wat sê Jesus in Johannes 3:18 van die wat glo en wat van die wat nie glo nie?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 22

A Vrae

1. Tot Wie word ons siel na hierdie lewe opgeneem? Kry julle antwoord in antwoord 57.
2. Deur Wie se krag sal ons liggaam opgewek word? Kry julle antwoord in antwoord 57.
3. Wat word bedoel met 'n *verheerlikte liggaam*?
4. Beteken ewige lewe maar net om vir altyd te lewe? Beskryf kortliks hoe jy dit verstaan.
5. Wat sal ons volgens antwoord 58 in die ewige saligheid doen? Moet ons dit nou al doen?

B Lees/Antwoord

1. Waarheen, sê Prediker 12:7, gaan ons gees as ons sterf?
2. Wat het volgens Lukas 16:22 met die bedelaar gebeur toe hy ontslaap het?
3. Wat het volgens Lukas 16:23 met die ryk man se liggaam gebeur toe hy ontslaap het? Wat het van sy siel geword?
4. Hoe sal die liggame van die ongelowiges by die opstanding wees? Lees Jesaja 66:24 en Daniël 12:2.
5. Hoe beskryf 2 Korinthiërs 5:2, 3 die saligheid (ewige lewe)?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 23

A Vrae

1. Wat bedoel vraag 59 met **dit alles**?
2. Hoe is ons volgens antwoord 59 voor God regverdig? In ...
3. Wat sê antwoord 60 van ons **verdiens**te?
4. Hoe **neem** ons die weldaad (van vryspraak in Christus) **aan**? Kyk antwoord 60.
5. Skryf op hoeveel keer en waar (in watter vraag en antwoord) julle die woorde **slegs deur geloof** in hierdie Sondag kry.
6. Wat alleen (slegs) is **my geregtigheid** voor God? Kyk antwoord 61.

B Lees/Antwoord

1. Wat sê Romeine 3:10 van ons?
2. Hoe word ons volgens Romeine 3:24 geregverdig?
3. Luther praat van 'n groot ruil. Waar kom Luther daaraan? Wat lees jy in 2 Korinthiërs 5:21?
4. Wie, sê Johannes 3:36, ontvang die ewige lewe en wie nie?
5. Is 'n geloof sonder werke (bekering) 'n ware geloof, 'n geloof wat ons kan red? Lees Jakobus 2:14.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 24

A Vrae

1. Hoe moet ons werke wees om 'n bydrae tot ons geregtigheid voor die regterstoel van God te kan lewer? Kyk antwoord 62.
2. Hoe lyk ons beste werke? Kyk antwoord 62.
3. Hoe word ons werke in hierdie lewe beloon? Kyk na die verklaring by vraag 63.
4. Hoekom sê ons dat hierdie beloning nie **uit verdienste** is nie, maar **uit genade**? Kyk wat in die verklaring oor Filippense 2:13 gesê word.
5. Ons is deur die geloof in Wie ingeplant? Kry die antwoord in Sondag 24.

B Lees/Antwoord

1. Vul die ontbrekende woorde in: "Vervloek is elkeen wat nie bly ... wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie." (Gal 3:10)
2. Vul die ontbrekende woorde in: "Ons is ... diensknegte, want ons het gedoen wat ons ... om te doen." (Luk.17:10)
3. Watter beeld word in Johannes 15:5 gebruik? Met wat word ons vergelyk en met wat word Christus vergelyk? Hoe kan ons vrugte dra?
4. Wat gebeur met die boom in Matthéüs 7:19 wat nie goeie vrugte dra nie?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 25

A Vrae

1. Wie werk die geloof in ons harte?
2. Waarmee werk die Heilige Gees die geloof in ons hart?
3. Waarmee versterk die Heilige Gees die geloof in ons hart?
4. Wat word bedoel met die woord **teken**?
5. Wat word bedoel met die woord **seel**?
6. Wat beeld doop en nagmaal af?
7. Noem die sakramente van die Ou en die van die Nuwe Testament.

B Lees/Antwoord

1. Hoe werk die Heilige Gees die geloof in ons harte volgens Romeine 10:14-17?
2. Wie het aan Abraham in Genesis 17 opdrag gegee om die manlike lede van die verbond te besny? Wie het dus die besnydenis (een van die sakramente van die Ou Testament) ingestel?
3. Wie het die doop ingestel volgens Matthéüs 28:19?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 26

A Vrae

1. Deur Wie is die doop ingestel?
2. Waarvan moet ons gewas word?
3. Wat was ons van ons sonde?
4. Waarvan is die doop 'n teken en 'n seel?
5. Verduidelik wat word bedoel as gesê word dat die doop 'n teken is. Kry die antwoord in die aantekeninge.

B Lees/Antwoord

1. Hoe is ons volgens Openbaring 1:5 van ons sondes gewas? In ... se ...
2. Hoe sê 1 Korinthiërs 6:11 is ons afgewas? Deur Wie?
3. Noem twee tekste (skryf dit voluit neer) waar Christus belowe het dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word. Dit staan in een van die antwoorde in Sondag 26.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 27

A Vrae

1. Teen wie het die Kategismus standpunt ingeneem?
2. Wat sê die Roomse Kerk van die doop?
3. Wat leer die Wederdopers in verband met die kinderdoop?
4. Is die lammers ook deel van die kudde van die goeie Herder? Soek die antwoord by die verklaring van antwoord 74.

B Lees/Antwoord

1. Met wie rig die HERE sy verbond op in Genesis 17:7?
2. Hoe oud moes seuntjies wees voordat hulle besny is? (Gen 17:12, 13)
3. Wat sê Johannes 21:15 van die lammers? Wie s'n is hulle?
4. Lees Jesaja 40:11. Wie is daar die Herder en kan julle ook uit daardie teks aflei dat ook die lammers syne is?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 28

A Vrae

1. Wat beteken dit dat die nagmaal 'n **teken** is?
2. Wat beteken dit dat die nagmaal 'n **seel** is?
3. Wat beeld die nagmaal af en waarvan verseker dit jou?
4. Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink? Twee dinge: ... en ...

B Lees/Antwoord

1. Wat sê Christus in Matthéüs 26:26 van die brood?
2. Wat sê Christus in Matthéüs 26:27, 28?
3. Wat sê 1 Korinthiërs 10:16 van die brood?
4. Wat sê 1 Korinthiërs 10:16 van die beker?
5. Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?
6. Hoe kry ons deel aan Christus? Wat sê Johannes 3:36?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 29 en 30a

A Vrae

1. Hoe noem ons die Roomse nagmaalsbeskouing?
2. Wat gebeur volgens Rome as die priester die woorde "dit is my liggaam" uitspreek?
3. Dink ons as Gereformeerdes ook dat die brood en die wyn letterlik in die liggaam en bloed van Christus verander?
4. Waar is Christus se menslike natuur nou?
5. Hoe kry ons deel aan die offer van Jesus Christus?
6. Gaan lees die nagmaalsformulier en vul die ontbrekende woorde in:

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet; gedenk en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n ... versoening van (drie woorde).

B Lees/Antwoord

1. Wat leer ons uit Hebreërs 9:12 en 10:10,12? Was die een offer op Golgota genoeg?
2. Wat het Jesus volgens Johannes 19:30 aan die kruis uitgeroep en wat dink julle het Hy daarmee bedoel?
3. Vul die ontbrekende woorde in: "En die (4 woorde), sy Seun, reinig ons van ... sonde" (1 Joh 1:7).

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 30b

A Vrae

1. Watter drie dinge word gesê van die mense wat na die nagmaalstafel moet kom? Kyk na die verklaring van antwoord 81.
2. Ook in antwoord 60 hoor ons die wonderlike nogtans. Wat word daar gesê? Wat doen God **nogtans**, ondanks my sonde?
3. Wat word bedoel met 'n **huigelaar**?
4. Wat gebeur met huigelaars en onbekeerdes wat tog nagmaal gebruik? Kyk na die einde van antwoord 81.

B Lees/Antwoord

1. Wie word vertroos volgens Matthéüs 5:4?
2. Wat gebeur volgens 1 Korinthiërs 11:29 met mense wat op 'n onwaardige wyse eet en drink?
3. Waarom dink julle was daar in Korinthe baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal wat ontslaap het? Lees 1 Korinthiërs 11:30 saam met vers 29 en kry daaruit julle antwoord.
4. Wat word bedoel met 'n onwaardige eet en drink in 1 Korinthiërs 11:29?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 31

A Vrae

1. Noem die twee sleutels van die koninkryk van die hemel?
2. Wat word oop- en toegesluit?
3. Volgens wie se bevel word oop- en toegesluit?
4. Wat moet 'n dominee preek? Wat sluit vir ons oop?
5. Is tug net die werk van die kerkraad?

B Lees/Antwoord

1. Wie het die tug ingestel volgens Matthéüs 16:18, 19?
2. Wie het die sleutels van die dood en van die doderyk volgens Openbaring 1:18?
3. Wat is volgens Johannes 3:16,18a nodig om deel te kry aan Christus?
4. Wat moet jy doen as jy jou broeder sien sondig? Lees Matthéüs 18:15. En as hy nie na jou luister nie, wat is dan die verdere pad, volgens Matthéüs 18:16, 17?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 32

A Vrae

1. Doen ons goeie werke uit eie krag?
2. Sê kortliks hoe ons in staat is om goeie werke te kan doen.
3. Noem drie redes waarom ons goeie werke moet doen.
4. Oor wie gaan dit as ons goeie werke doen? Noem drie.
5. Kan kerkmense wat nie goeie werke doen nie hemel toe gaan?

B Lees/Antwoord

1. Wat se offers moet ons bring en wat moet ons verkondig, volgens 1 Petrus 2:5,9?
2. Wat moet ons volgens 1 Korinthiërs 6:20 doen?
3. Wat maak ons vas as ons goeie werke doen ? Lees 2 Petrus 1:10.
4. Wat leer Matthéüs 7:17 ons?
5. Wat leer jy uit 1 Korinthiërs 6:9, 10 oor diegene wat nie goeie werke doen nie?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 33

A Vrae

1. Wat word bedoel met die **ou mens** en die **afsterf van die ou mens**?
2. Wat word bedoel met die **nuwe mens** en die **opstanding van die nuwe mens**?
3. Die afsterwing van die ou mens bestaan uit *sonde-..., sonde-... en sonde-...*. Kyk by die verklaring van antwoord 89.
4. Aan watter drie vereistes moet die goeie werke voldoen? Lees die verklaring by antwoord 91.
5. Vul al die ontbrekende woorde in: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes ..., maar kan ons onself as 'n ... (Lees vraag en antwoord 43.)

B Lees/Antwoord

1. Waar het ons ou mens gesterf volgens Romeine 6:5, 6?
2. In Wie is ons lewend vir God? Lees Romeine 6:11.
3. Wat leer Filippense 2:13 ons oor goeie werke? Wie maak ons daartoe gewillig?
4. Teen Wie, sê Dawid in Psalm 51:6, het hy gesondig toe hy met Batseba owerspel gepleeg het?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 34

A Vrae

1. Waar in die Ou Testament buiten Exodus 20 kry ons ook die Wet? Julle sal die antwoord in Sondag 34 kry.
2. Wat is afgodery?
3. Is dit afgodery as ons op ons goeie werke vertrou om in die hemel te kom?
4. Op Wie alleen moet ons vertrou om verlos te word van sondeskuld en sondemag?
5. Noem 'n paar dinge in ons tyd wat vir ons afgode kan wees.

B Lees/Antwoord

1. Hoe vat ons Here Jesus Christus die Wet saam in Matthéüs 22:37-40?
2. Wat moes Moses met die Tien Woorde doen, aldus Deuteronomium 4:14?
3. Wat sê 1 Johannes 5:21?
4. Wat leer 1Korinthiërs 6:10 en Efesiërs 5:5 ons oor afgodedienaars?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 35

A Vrae

1. Vul in aan die hand van die verduideliking by vraag 96: Die eerste gebod leer ons Wie ons moet aanbid, naamlik God alleen. Die tweede sê vir ons ... ons Hom moet aanbid.
2. Maak ons ook beelde? Noem 'n voorbeeld.
3. Wie is die Beeld van God?
4. Mag ons Christus afbeeld? Indien nie, waarom nie?
5. Wat dink jy van rolprente en toneelstukke waarin Christus afgebeeld word?

B Lees/Antwoord

1. Lees Deuteronomium 4:12. Het Israel God daar gesien of het hulle net iets gehoor?
2. Wat word Israel in Deuteronomium 4:15-19 verbied?
3. Hoe wil die Here ons volgens Romeine 10:14, 15 tot geloof bring?
4. Wat leer 2 Timótheüs 3:16, 17 ons van die Skrif?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 36

A Vrae

1. Wat beteken die Naam HERE?
2. Noem ses voorbeelde van die misbruik van die Naam van die HERE.
3. Noem die drie dinge waarin ons vrees en eerbied vir die Naam van die HERE na vore kom.

B Lees/Antwoord

1. Wat het die seun van 'n Israelitiese vrou in Levitikus 24:1-16 gedoen?
2. Wat was die vonnis oor daardie man in Levitikus 24? Lees Levitikus 24:16.
3. Wat sal volgens Exodus 20:7 met iemand gebeur wat die Naam van die HERE ydellik gebruik?
4. Hoe word die Naam van God geëer volgens 1 Timótheüs 6:1?
5. Vul die ontbrekende woorde in: "Elkeen dan wat My sal ... voor die mense, hom sal Ek ook ... voor my Vader wat in die hemele is" (Matt 10:32).

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 37

A Vrae

1. In watter twee gevalle mag ons wel sweer?
2. Aan watter twee vereistes moet 'n eed voldoen?
3. Gee 'n kort definisie van 'n eed.
4. Waarom mag ek nie by 'n heilige of skepsel sweer nie?

B Lees/Antwoord

1. Noem 'n teks waaruit ons leer dat ook Jesus gesweer het. Kyk by die verklaring van antwoord 101.
2. Wat leer Psalm 139:1, 2 ons van die HERE?
3. Wat leer Psalm 15:4 van die gelowige en sy eed?
4. Noem 'n voorbeeld uit die Ou Testament waaruit jy kan aflei dat ons wel mag sweer. Kyk by die verklaring van antwoord 101.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 38

A Vrae

1. Noem die vier dinge waaroor dit vir ons op Sondag gaan; hoekom ons dus kerk toe gaan.
2. Aan watter twee werke van die HERE dink ons op Sondag?
3. Wat moet ons doen om te sorg dat daar Sondag nog kerk kan wees, dat daar nog 'n dominee kan wees wat preek?
4. 'n Erediens is 'n ... tussen God en sy volk.

B Lees/Antwoord

1. Aan watter werk van die HERE word volgens Exodus 20:11 op Sondag gedink?
2. Aan watter werk van die HERE word volgens Deuteronomium 5:15 op Sondag gedink?
3. Op watter dag van die week het Jesus volgens Johannes 20:19,26 aan sy dissipels verskyn? Leer ons iets daaruit oor die dag waarop ons bymekaar moet kom?
4. Op watter dag het die kerk volgens Handeling 20:7 bymekaar gekom?
5. Van watter onderlinge byeenkoms praat Hebreërs 10:25 en wat mag ons in die verband nie doen nie?
6. Wat word die Sondag volgens Openbaring 1:10 genoem?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 39

A Vrae

1. Noem nog drie gesagsinstansies behalwe julle ouers.
2. Wie beveel ons dat ons ons ouers moet eer? Wie staan daarom agter hulle en teen? Wie kom ek in opstand as ek nie luister na my pa of die onderwyser nie?
3. Die Kategismus sê presies hoe ons ons ouers moet gehoorsaam. Drie dinge word genoem. Skryf dit neer.
4. Wat moet jy doen as jou ouers gebreke het? Moet jy dadelik in opstand kom teen hulle gebreke (teen hulle onredelikheid, ens.), of wat moet jy doen?

B Lees/Antwoord

1. Waar kom gesag (die gesag van die owerheid) vandaan volgens Romeine 13:1?
2. Wat moet ons standpunt wees as die owerheid iets van ons vra wat teen die Skrif is? Wat leer Handeling 5:29 ons in hierdie verband?
3. Wat leer Spreuke 13:24 ons oor tug?
4. Wat leer Hebreërs 12:5, 6 ons oor die tug van die Here?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 40

A Vrae

1. Noem die twee redes waarom doodslag verbied word. Kyk by die verklaring van vraag 105.
2. Wat was die eerste sonde wat gepleeg is nadat die mens uit die paradys verdryf is?
3. Verbied God in die sesde gebod meer as net om iemand daadwerklik dood te maak?
4. Wat dink jy van selfmoord?
5. Wat gebied God ons in die sesde gebod?
6. Wie moet moordenaars straf en hoe (met watter straf)? Noem 'n paar tekste in hierdie verband.

B Lees/Antwoord

1. Wat leer 1 Johannes 4:20 ons oor ons liefde tot God en ons liefde tot ons naaste? Kan jy sê dat jy God lief het as jy jou naaste haat?
2. Is dit net mense wat regtig iemand doodgemaak het wat moordenaars is? Wat leer 1 Johannes 3:15 ons?
3. Deur Wie kan ons die sesde gebod weer nakom?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 41

A Vrae

1. Gaan dit in Sondag 41 net oor huweliksontrou en egskeiding?
2. Wat sê die Kategismus van God se reaksie op onkuisheid?
3. Hoe moet ons volgens antwoord 108 teenoor onkuisheid staan?
4. Gaan dit in hierdie gebod net oor die daad van owerspel?
5. Wie het die huwelik ingestel?

B Lees/Antwoord

1. Wie het die huwelik ingestel volgens Genesis 2:18?
2. Wat sê God volgens Maleági 2:16 van egskeiding?
3. Wat leer Matthéüs 19:4-6 ons in verband met egskeiding en wie is volgens hierdie Skrifgedeelte die insteller van die huwelik?
4. Wat sal volgens 1 Korinthiërs 6:10 met egbrekers gebeur?
5. Hoe moet die man hoof wees van sy vrou? Lees Efesiërs 5:25.
6. Wat beteken die woorde van Efesiërs 5:18 om *vervul te wees met die Heilige Gees*?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 42

A Vrae

1. Is jou besittings joune?
2. Wat is 'n rentmeester?
3. Wat mag die mens as rentmeester nie doen nie? Die Kategismus noem drie dinge.
4. Noem 'n voorbeeld van diefstal wat nie deur die owerheid gestraf word nie.
5. Hoekom moet ons volgens antwoord 111 ons werk getrou doen?
6. Deur Wie word ons weer goeie rentmeesters?

B Lees/Antwoord

1. Waarom behoort alles aan die HERE volgens Psalm 24:1, 2?
2. Wat sal gebeur met mense wat die agtste gebod oortree? Lees 1 Korinthiërs 6:10.
3. Deur Wie word ons weer goeie rentmeesters? Noem 'n teks of Skrifgedeelte waarin dit staan.
4. Wat leer 2 Thessalonicense 3:10 ons oor die noodsaak van werk?
5. Hoekom moet ons volgens Efesiërs 4:28 ons werk getrou doen?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 43

A Vrae

1. Wat is die negatiewe kant van die negende gebod? Wat word verbied?
2. Wat *gebied* die negende gebod?
3. Wat is die verskil tussen 'n kwaadstoker en 'n lasteraar?
4. Wie was die eerste leuenaar?
5. Wat haal ek oor my as ek lieg?
6. Hoe word ons verlos van leuentaal?

B Lees/Antwoord

1. Wat leer Jakobus 3 ons van die mag van ons woorde of tong?
2. Wat leer Deuteronomium 16:19 ons oor die regspraak?
3. Wie mag volgens Psalm 15:3 in die teenwoordigheid van die HERE (in sy tent, tabernakel) kom?
4. Wat leer Psalm 5:7 ons in verband met oortreding van die negende gebod?
5. Wat het Jakob gedoen? Lees Genesis 27:19.
6. Wat bid Dawid in Psalm 141:3?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 44

A Vrae

1. In die tiende gebod gaan dit oor twee soorte begeertes. Noem die twee.
2. Kan 'n gelowige die wet 100% hou?
3. Noem twee sondes van Dawid.
4. Het Petrus ook gesondig? Wat het hy gedoen die aand voordat Jesus gekruisig is?
4. Wat is die drieërlei doel daarvan dat die Wet so skerp deur God aan ons gepreek word?

B Lees/Antwoord

1. Vul in: Onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die ... van ... toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het (Ef 2:3).
2. Vul in: Wandel deur die ..., dan sal julle nooit die ... van die ... volbring nie (Gal 5:16).
3. Wat leer Psalm 130:3 ons oor die gelowige?
4. Wie het die begeerlikheid met sy hartstog gekruisig, aldus Galasiërs 5:24.
5. Waarom word die woord **gekruisig** in Galasiërs 5:24 (die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig) gebruik?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 45

A Vrae

1. Noem die twee redes waarom die gebed vir 'n Christen nodig is.
2. Wat bedoel antwoord 117 met **nood en ellende**?
3. Noem die drie vereistes waaraan 'n gebed moet voldoen.
4. Wat het God ons beveel om van Hom te bid?
5. Van watter gebed praat antwoord 118?

B Lees/Antwoord

1. Op watter twee plekke staan die Onse Vader?
2. Wat leer Jakobus 1:5 ons oor gebedsekerheid?
3. Hoe moet ons bid volgens Jakobus 1:6?
4. Wie bid vir ons in die hemel? Lees Johannes 17.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 46

A Vrae

1. Wie het ons beveel om God as Vader aan te spreek?
2. Hoe het God ons Vader geword?
3. Wat word bedoel met **kinderlike vrees**?
4. Wat word bedoel met **kinderlike vertrouwe**?
5. Wie is die **ons** van wie ons praat as ons sê “Ons Vader”?
6. Sê kortliks wat bedoel word met die woorde “wat in die hemel is”.

B Lees/Antwoord

1. Teken die verskille op tussen die weergawes van die Onse Vader in Matthéüs 6:9-13 en Lukas 11:2-4.
2. Wat leer die Heilige Gees ons roep in Galasiërs 4:6?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 47

A Vrae

1. Wat is die Boek van die Algemene Openbaring?
2. Wat is die Boek van die Besondere Openbaring?
3. Vul in: In al u werke skitter u ... Kyk in antwoord 122 (ses dinge).
4. Noem die twee dinge wat die Vader ons moet gee en waardeur die Naam van God deur ons geheilig word.
5. Wanneer eer en prys ons God se Naam? As ons wat doen?
6. Wanneer laster ons God se Naam? As ons wat doen?

B Lees/Antwoord

1. Vul in: Dit is die ewige lewe, dat hulle U ..., die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het (Joh 17:3).
2. Van watter Boek lees ons in Psalm 19:1-7?
3. Van watter Boek lees ons in Psalm 19:8-15?
4. Waarvoor leef ons? Kyk in Romeine 14:8.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 48

A Vrae

1. Watter drie dinge vra ons in hierdie bede?
2. Deur wat regeer God ons?
3. Wat word bedoel met die woorde **bewaar u kerk**?
4. Wat word bedoel met die woorde **vermeerder u kerk**?
5. Watter drie dinge moet die Vader **vernietig**?
6. Hoe lank moet hierdie bede gebid word?

B Lees/Antwoord

1. Wat moet ons eers soek, sê Matthéüs 6:33?
2. Met watter doel het die Seun van God gekom? (1 Joh 3:8)
3. Wat bid die Gees en die bruid (die kerk) volgens Openbaring 22:17, 20?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 49

A Vrae

1. Hoekom is hierdie gebed noodsaaklik?
2. Wie maak ons gewillig om God se wil te doen?
3. Vir wie bid ons in hierdie bede? Net vir onself?
4. Wat word bedoel met ons **amp** en met ons **beroep**?
5. Verklaar die woorde *soos in die hemel*.

B Lees/Antwoord

1. Wat moet ons met onself doen as ons Jesus wil volg? Lees Matthéüs 16:24.
2. Wat het Jesus in Getsemane gebid? Lees Lukas 22:42.
3. Wat moet ons doen volgens Efesiërs 5:10?
4. Wie maak ons gewillig volgens Filippense 2:13?
5. Wat word in Psalm 103:20, 21 van die engele gesê?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 50

A Vrae

1. Watter drie dinge bely ons met die bede *gee ons vandag ons daaglikse brood*?
2. Vra ons net vir brood as ons bid dat God ons ons daaglikse brood vir ons sal gee?
3. Wie is die *ons* (*gee ons ...*)?
4. Wie het ons brood vir ons verdien?

B Lees/Antwoord

1. Vul die ontbrekende woorde in: Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul ... op die regte tyd. U maak u ... oop en ... alles wat lewe met welbehae (Ps 145:15, 16).
2. Vul die ontbrekende woorde in: Hulle almal wag op U, dat U hulle ... kan gee op die regte tyd (Ps 104:27).
3. Waaroor moet ons ons nie kwel nie en waarom nie, sê Jesus in Matthéüs 6:31, 32?
4. Wat moet ons doen volgens Psalm 55:23 en watter belofte word daar vir ons gegee?
5. Waarop moet ons nie vertrou en waarop ons hart nie sit nie, aldus Psalm 62:11?

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 51

A Vrae

1. Oor watter sondes praat antwoord 10 van die Kategismus ?
2. Hoe wil God die misdade en die boosheid wat ons altyd aankleef, waarvan antwoord 126 praat, straf? Kyk in antwoord 10.
3. Hoekom moet God ons ons skuld nie toereken nie? Ter wille van ...? Kyk wat sê antwoord 126.
4. Vir wie bid ons as ons bid: Vergeef *ons*? Wie is daardie ons?
5. Waarvan is ons bereidheid om te vergewe 'n bewys? Kyk wat sê antwoord 126 se laaste deel.

B Lees/Antwoord

1. Lees Matthéüs 18:15-35. Wie is die koning en wie is die onbarmhartige skuldeiser?
2. Wat sê God van ons sondeskuld in Hebreërs 10:17?
3. Lees 1Korinthiërs 6:20. Waarmee is ons gekoop?
4. Wat sal die Here met ons doen as ons mekaar nie vergewe nie? Lees Matthéüs 18:15-35, veral die laaste paar verse.
5. Wat leer Matthéüs 6:14, 15 ons?
6. Wat het God met ons misdade en met die skuldbrief teen ons gemaak? Lees Kolossense 2:13, 14.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag

Sondag 52

A Vrae

1. Versoek God ons? Wat word bedoel met “Lei ons nie in versoeking nie”?
2. Noem ons drie doodsvyande?
3. Hoe kan ons teen ons doodsvyande staande bly?
4. Aan Wie verbind die Heilige Gees ons?
5. Noem die drie redes waarom ons seker mag wees: God **wil** en **kan** verhoor.
6. Wat beteken die woordjie **Amen**?

B Lees/Antwoord

1. Versoek God ons? Wat sê Jakobus 1:13?
2. Wat het met Jesus gebeur volgens Matthéüs 4:1?
3. Van wie praat 1 Petrus 5:8 en wat doen hy?
4. Teen wie is ons worstelstryd? Lees Efesiërs 6:12.
5. In Wie is God se beloftes amen (vas en seker)? Lees 2 Korinthiërs 1:19, 20.

C Skryf die Sondag in julle boeke, onderstreep 'n paar sleutelwoorde en leer die Sondag